

## 1. Saul as koning

### 1.1 Die volk begeer 'n koning

Toe Samuel oud geword het, het hy sy seuns, Joël en Abia, as leiers oor Israel aangestel. Hulle het in Berseba opgetree.

- Maar sy seuns het nie hulle vader se voorbeeld gevolg nie. Hulle het omkoopgeskenke aangeneem.
- As gevolg hiervan het die volk ontevrede geword en na Rama gegaan en Samuel gevra om 'n koning oor hulle aan te stel.

Hierdie begeerte na 'n koning was op sigself nie verkeerd nie. Die koningsreg was reeds in 'n konstitusie vasgelê (kyk Deut. 17:14-20). Dat hulle egter nou die begeerte uitgespreek het *om 'n koning te hê soos die ander volke*, was verkeerd.

- Israel was tog 'n teokratiese volk. Teokrasie beteken dat die Here oor Israel Koning was en self onmiddellik oor hulle geregeer het.
- As Koning het Hy self sy wette aan hulle gegee, en daarom moes hulle voor sy mag buig en sy wil gehoorsaam.
- God het ook self die oorloë van sy volk gevoer.
- Daar was geen werklike rede vir Israel om oor hulle Koning te kla nie. As hulle onderdruk was, dan was dit as straf op hulle oortredings.

Israel was egter nie langer tevrede met hulle onsigbare Koning nie. **Hulle begeerte na 'n koning soos dié van die ander volke was eintlik 'n verwerping van die Here.**

- Daarom het die Here gesê dat hulle wel 'n koning sal hê, maar een wat hulle seuns en dogters sal verneder en verdruk.
- Die instelling van die koningskap sal tot hulle eie skade wees.
- Op bevel van die Here het Samuel die nadeel van die koningskap onder die aandag van die volk gebring, maar hulle wou nie luister nie.

God het die instelling van die koningskap toegelaat, maar dan moes die koning sorg dra vir die handhawing van die koningsreg van God.

- Solank die koning dit doen, sal God hom en die volk seën.
- Sodra die koning egter probeer om bo God te gaan staan, sal sy koningskap nie bevestig word nie en sal God se oordeel op Israel rus.

### 1.2 Saul as koning aangewys

In 1 Samuel 9 word beskryf hoe Israel aan hulle eerste koning gekom het. Saul, die seun van Kis, uit die stam van Benjamin, het na sy pa se donkies gaan soek. Sy slaaf het hom na Samuel, die siener, gelei.

- God het aan Samuel bekend gemaak dat Saul die eerste koning van Israel sou wees.
- Samuel het Saul genooi om tot die volgende dag by hom te bly. Samuel het hom meegedeel dat die donkies reeds gevind is, en daarna het hy aan hom gesê dat hy koning sal word. Saul wou self egter nie koning wees nie.
- Samuel het 'n kruik olie gevat en Saul as koning gesalf. Hy het ook aan Saul sekere ontmoetings op sy pad voorspel, wat inderdaad so gebeur het.

Samuel het Israel by Mispa byeengeroep om 'n koning te laat aanwys. Eers is die stam van Benjamin aangewys, toe Saul se familie, en eindelijk Saul self. Saul het egter tussen die bondels goed weggekrui. Hulle het hom daar uitgehaal en hy is as koning uitgeroep.

- Saul het nie as koning opgetree voordat die Heilige Gees hom daartoe gedryf het nie.
- Dit het eers gebeur toe Nahas, koning van die Ammoniete, 'n skande oor Israel wou bring. Hy het gedreig om elkeen van die inwoners van Jabes se regterooë uit te steek. Saul het met 'n groot leër opgeruk en Nahas verslaan.
- Daarna is Saul se koningskap plegtig by Gilgal bevestig.

### 1.3 Saul se ywer vir die Wet

Saul het in die begin van sy regering die Wet van die Here ywerig onderhou.

- Hy het die towenaars en waarsêers laat uitroei.
- Hy het voortdurend die Here geraadpleeg, en hy het die eed heilig gehou.
- Hy was 'n koning wat sy koningskap pragtig begin het, maar sy groot sonde was ongehoorsaamheid en eiewilligheid. Van hierdie verkeerde optrede van Saul lees ons in 1 Samuel 13-15.

Saul het hom gereed gemaak vir die stryd teen die Filistyne.

- Hy het self die bevel gevoer in Mikmas, en hy het duisend man onder sy seun Jonatan in Gibeon gestel.
- Met hierdie duisend man het Jonatan die Filistynse wagpos in Gibeon verslaan.
- Dit was die aanleiding daartoe dat die Filistyne met 'n geweldige stydmag opgetrek het en in Mikmas laer opgeslaan het om Saul tot oorlog te dwing. Saul was met sy leër in Gilgal.

### 1.4 Saul se ongehoorsaamheid

Saul het wel geweet dat hy niks moet doen sonder die aanwysing van Samuel as profeet van die Here nie.

- Toe Samuel egter verhinder is om betyds op te daag, en die manskappe by Saul begin dros, het Saul ongeduldig geword en self 'n offer aan die Here gebring.
- Hy het dus die uitwendige handeling van die offer bo die gehoorsaamheid gestel. Samuel het net daarna opgedaag en Saul op sy dwase optrede gewys. Hy het aan Saul bekend gemaak dat sy koningskap nie bestendig sal word nie, en dat die Here vir hom 'n man na sy hart soek omdat Saul nie gedoen het wat die Here hom beveel het nie.

Tog het die Here sy seënende hand nog nie van Saul af weggetrek nie. Toe die Filistyne die eng bergpas na Mikmas beset, het Jonatan en sy wapendraer teen die berg opgeklim en begin om die Filistyne te verslaan.

- Die Filistyne het paniekbevange geraak sodat Saul en sy manne van ver af kon sien hoe die Filistyne in verwarring kom. Saul en sy manne het die Filistyne toe aangeval.
- Sonder om te dink wat hy doen, het Saul met 'n onverantwoordelike eed gesweer dat niemand tot die aand toe iets mag eet nie.
- Jonatan het nie van hierdie eed geweet nie en sy kiere in 'n heuningkoek gestee en daarvan geëet.
- Toe die priester daarna die Here wou raadpleeg oor die vraag of Saul die vyand moet agtervolg, het die Here nie geantwoord nie.
- Saul het toe laat loot om vas te stel wie gesondig het, en Jonatan is deur die lot aangewys.
- Jonatan moes sterf. Die volk het Jonatan egter van hierdie oordeel gered, want hulle was daarvan oortuig dat die dood van Jonatan die toorn van die Here nog meer sou laat ontvlam.

### 1.5 Saul se verwerping

**Wat Saul nie gehad het nie, was die innerlike oorgegewendheid van sy hart aan die wil van die Here.** Daarom is hy verwerp, sodat dit nie hy sou wees wat die teokratiese koning van Israel sou word nie.

Dit het geblyk uit die slag teen Amalek.

- Samuel het aan Saul die bevel van die Here oorgedra om Amalek te verslaan. Hy moes niks spaar nie, maar moes die Amalekiete met al hulle besittings om die lewe bring.
  - Die Amalekiete was van die bitterste vyande van God se volk.
  - Hulle was die eerste volk wat Israel aangeval het op hul reis na Sinai. Die vernietiging van die Amalekiete sou die vervulling van God se oordeel wees soos dit uitgespreek is in Deuteronomium 25.
- Saul het die Amalekiete verslaan, maar hy het Agag, hulle koning, se lewe gespaar en ook, op aandrang van die volk, die beste van hulle vee. Saul het hier weer eiewillig gehandel.
- Toe Samuel hom vra watter geblêr van kleinvee en gebulk van beeste hy hoor, het Saul geantwoord dat hy die kleinvee en beeste gespaar het om hulle as offer aan die Here te bring.
  - Samuel het hom geantwoord dat gehoorsaamheid beter is as offerande. Hy het daarby gevoeg: “Weerspanningheid is net so erg as die sonde van waarsêery, eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery” (1 Sam. 15:23).
  - **Samuel het daaraan toegevoeg dat God Saul verwerp het, omdat Saul God verwerp het.**
  - Daarop het Samuel eiehandig vir Agag doodgemaak.

Met hierdie treurige gebeurtenis was die goeie verhouding tussen Samuel en Saul op ’n end. Van God verlate het Saul ’n speelbal van sy eie duistere hartstogte geword.

## 2. Dawid as jongman

### 2.1 Salwing van Dawid

Die Here het wel vir Saul verwerp, maar daarmee het die Here nie die koningskap verwerp nie.

- Samuel het van die Here bevel ontvang om na Betlehem te gaan en daar een van die seuns van Isai tot koning te salf.
- Samuel het hierteen beswaar gemaak omdat hy bang was dat as Saul dit hoor, hy hom sou laat doodmaak.
- Die Here het vir hom ’n manier aangewys waarop hy ongemerk sy opdrag kon uitvoer.
  - Hy moes ’n offer gaan bring en vir Isai en sy seuns na die offermaaltyd uitnooi.
- Samuel het na Betlehem gegaan en die leiers van die stad gerusgestel.
  - Hy het Isai en sy seuns na die offermaaltyd uitgenooi, en daar het hy Isai volledig ingelig oor die doel van sy koms.
  - Isai het sy seuns van die oudste af laat binnekom, maar nie een van hulle was deur God gekies om koning te word nie.
  - Daarop is die jongste seun, Dawid, uit die veld gehaal waar hy skape opgepas het. Toe hy binnekom, het die Here Samuel aangesê om hom as koning te salf.
- Nadat Samuel vir Dawid gesalf het, het die Gees van die Here kragtig in Dawid gewerk.

### 2.2 Dawid aan die paleis van Saul

Dawid moes voorberei word vir sy hoë roeping.

- Daarom het die Here dit so beskik dat hy in die paleis van Saul gekom het.
  - Die Gees van die Here het van Saul gewyk nadat die Here hom weens sy sonde verwerp het. ’n Bose gees het hom ontstel sodat hy by tye in raserny verkeer het.
  - Daarop het Saul se amptenare gesoek na ’n man wat goed op die lier kon speel.
- Dawid is gevra om in die paleis van Saul op sy lier te speel.
  - As Saul sy swaarmoedige buie gehad het, het Dawid vir hom gespeel en dan het sy buie verander.

- Geen wonder dat Saul van Dawid begin hou het nie. Saul het Dawid ook as sy wapendraer aangestel, en hy het lid geword van Saul se lyfwag.
- Hierdie verblyf in die paleis van Saul was vir Dawid 'n voorbereiding vir sy toekomstige koningskap.

### 2.3 Dawid en Goliat

Toe Saul se toestand verbeter, het Dawid se pa hom weer teruggeroep om skape op te pas. Dawid moes nou ook kennis maak met die oorlog. Die geleentheid daarvoor het gekom toe die Filistyne die Israeliete weer die oorlog aangesê het.

- Dawid is na die leër gestuur om na die welstand van sy broers te gaan verneem.
  - In dié tyd het die Filistyne gebruik gemaak van 'n baasvegter, Goliat. Goliat het afgestam van die ou geslag van Refaim.
  - Hy was afkomstig uit Gat, een van die stede waarvan in Josua 11:22 vermeld word dat daarin nog enkele Enakiete gewoon het.
  - In 1 Kronieke 20:5 lees ons dat Goliat 'n broer gehad het met die naam Lagmi, wat deur een van Dawid se soldate verslaan is.
- Goliat was, volgens die oorspronklike teks, ses el en 'n span lank.
  - 'n El was die lengte van die elmboog tot die top van die middelvinger, gewoonlik geskat op 18 duim of 45 cm. 'n Span was die afstand tussen die top van die middelvinger en die end van die duim, vlak uitgestrek, en word gewoonlik geskat op 9 duim, of 23 cm. Volgens hierdie berekening was Goliat se lengte 9 voet en 9 duim, of ongeveer drie meter.
  - Hy het 'n bronshelm op sy kop gedra en 'n hamas met skubbe aangehad. Verder was daar bronsskerms voor sy bene.
- Hierdie baasvegter het die Israeliete uitgedaag om iemand te stuur om teen hom te veg. Die beslissing van die oorlog sou dan van hierdie tweevegter afhang.
  - Op smalende toon het die reus, Goliat, die Israeliete gehoon, maar niemand het die moed gehad om teen hom te veg nie.
- Dawid het ook die woorde van Goliat gehoor, en hy was bereid om teen hom te gaan veg.
  - Toe Saul dit hoor, het hy Dawid na hom toe laat kom. Saul het vir hom gesê dat hy as 'n jong seun niks sal kan uitrig teen so 'n geharnaste vegter nie.
  - Dawid het geantwoord dat hy as skaapwagter al 'n skaap uit die bek van 'n leeu en 'n beer geruk het en hulle altwee doodgemaak het.
  - Hy het in die geloof daarby gevoeg dat dit met die onbesnede Filistyn net so sou gaan. Hy was daarvan seker dat die Here aan hom die oorwinning sou gee. Dawid het in die geloof op God gesteun.
  - Saul wou daarop aan Dawid sy oorlogsuitrusting gee, maar Dawid kon nie daarmee loop nie. Hy het sy eie klere aangetrek, sy kiere in sy hand gevat, en met sy slingervel en vyf gladde klippies die reus tegemoet gegaan.
  - Goliat het Dawid met minagting aangekyk, en gedreig dat hy sy vleis vir die roofvoëls en die wilde diere sal gee.
  - Dawid was egter vas oortuig van die oorwinning oor Goliat, omdat dit 'n oorlog van die Here was. *Goliat het in sy krag geroem, maar Dawid het op God vertrou.*
  - Toe die twee nader na mekaar kom op die vegterrein, het Dawid 'n klip met sy slingervel na Goliat gegooi en hom teen sy voorkop getref sodat hy dood neergeval het.
  - Dawid het toe Goliat se eie swaard gevat en sy kop daarmee afgekap.
- So het Dawid die oorwinning vir Israel behaal, want die Filistyne het almal gevlug toe hulle sien dat hulle held dood is.
- Die Israeliete het die Filistyne agtervolg en 'n groot slag onder hulle geslaan.

## **2.4 Dawid en Jonatan**

Van dié tyd af het daar 'n hegte vriendskap tussen Dawid en Jonatan ontstaan. Hulle het 'n verbond gesluit, en Jonatan het sy klere en sy wapens aan Dawid gegee as teken en pand van die vriendskapsverbond.

## **3. Vervolging van Dawid**

### **3.1 Saul probeer Dawid doodmaak**

As gevolg van Dawid se oorwinning oor Goliat het hy 'n volksheld geword, maar juis dit het Saul se afguns opgewek.

- Toe die Israëliete as oorwinnaars van die oorlog af terugkeer, het die vroue gesing: “Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende.”
- Saul het nie daarvan gehou nie en hy het nou begin agterkom dat Dawid die man is wat in sy plek koning sou word. Daarom het hy van dié tyd af na 'n geleentheid gesoek om Dawid dood te maak. Die bose gees het weer van Saul besit geneem “sodat hy in sy huis te kere gegaan het soos 'n waansinnige” (1 Sam. 18:10).
- Sonder dat hy die minste gevaar vermoed het, het Dawid weer vir die koning op sy lier gespeel. Daarop het Saul met sy spies na Dawid gegooi. Tot twee maal toe het Saul na Dawid gegooi, maar Dawid het elke keer weggekoes.
- Hoe meer Saul gesien het dat God by Dawid was, hoe banger het Saul vir hom geword. Daarom het hy nou met allerlei listighede probeer om Dawid dood te maak.

### **3.2 Dawid trou met Mikal**

Saul het tevore al sy oudste dogter, Merab, aan Dawid as vrou beloof, maar hy het haar uiteindelik aan iemand anders gegee.

- Toe Saul egter sien dat sy dogter Mikal vir Dawid liefhet, het hy haar as vrou aan Dawid beloof, maar op voorwaarde dat Dawid honderd Filistyne moet verslaan. Dawid het ingewillig.
- Saul het gemeen dat Dawid dalk deur die Filistyne omgebring sou word, maar hierdie plan van hom het misluk. Dawid het selfs tweehonderd Filistyne verslaan. Hierop het Saul se vyandskap nog groter geword. Hy het selfs met Jonatan en sy offisiere daaroor gepraat dat hy Dawid wou doodmaak.
- Toe Jonatan egter vir Dawid voorspraak doen by Saul, het Saul 'n eed geneem dat hy Dawid nie sal doodmaak nie. Dawid het toe weer by Saul in die paleis gekom.
- Toe daar egter weer oorlog uitbreek en Dawid die Filistyne met 'n groot slag verslaan het, het Saul se nyd en afguns weer groter geword. Die bose gees het ook weer oor hom gekom, en hy het weer probeer om Dawid met sy spies teen die muur vas te pen. Ook hierdie keer het dit egter misluk deurdat Dawid betyds padgegee het.

### **3.3 Mikal red Dawid se lewe**

Dawid het na sy huis gevlug, maar hy was ook daar nie veilig nie omdat Saul mense gestuur het om hom dood te maak.

- Mikal het vir Dawid in die nag deur 'n venster laat afsak en so sy lewe gered. Sy het 'n listige plan uitgedink om hom kans te gee om buite die bereik van sy agtervolgers te kom. Sy het 'n afgodsbeeld op die bed neergelê en dit met 'n kombes toegemaak. Toe die manne van Saul daar aankom, het sy gesê dat Dawid siek is. Dit het Dawid genoeg kans gegee om weg te kom.
- Dawid het gevlug en by Samuel in Rama gekom. Daar het hy in die profetekwartiere gebly. Toe Saul dit hoor, het hy weer manne gestuur om Dawid te gaan haal. Toe hulle egter in die nabyheid van die profete by Samuel kom, het die Gees van God oor hulle gekom sodat hulle saam begin profeteer het. Toe 'n tweede en derde sending ook op dieselfde manier misluk, het Saul self gegaan,

maar toe hy na Samuel en Dawid vra, het hy self ook in profetiese vervoering gekom sodat hy 'n dag en 'n nag op die grond bly lê het. Daarom het die mense gevra: “Is Saul ook onder die profete?”

### **3.4 Jonatan red Dawid se lewe**

Van al die goeie voornemens van Saul om van sy vyandskap teen Dawid af te sien, het niks gekom nie. Dawid het sy nood by Jonatan gaan bekla en sy hart teenoor hom uitgestort.

- Om uit te vind hoe Saul teenoor hom gesind is, het hy besluit om weg te bly van die maaltyd wat met die geleentheid van die nuwe maan in die paleis van Saul gehou is.
- Jonatan het onderneem om vir Dawid by Saul verskoning te maak en dan aan Dawid bekend te maak hoe Saul teenoor hom gesind is. Hulle het aangespreek dat Jonatan drie pyle sal afskiet en sy slaaf sal stuur om hulle te gaan optel. As hy vir hom sê: “Die pyle is duskant jou; tel hulle op en kom”, sal dit vir Dawid 'n teken wees dat hy kan terugkom. As hy egter vir sy slaaf sê: “Die pyle is anderkant jou”, sal Dawid weet dat hy moet vlug. Dawid het toe in die veld gaan wegkruip.
  - Tydens die fees het Saul dadelik vir Dawid gemis en navraag gedoen na die rede vir sy afwesigheid.
  - Toe Jonatan hom meedeel dat hy Dawid verlof gegee het om na Betlehem te gaan, was Saul woedend.
  - Hy het Jonatan beveel om Dawid te laat haal sodat hy hom kan doodmaak. Saul het weer rasend geword en hy wou Jonatan ook met sy spies doodmaak.
  - Jonatan het gesien dat Saul vas besluit het om Dawid dood te maak.
- Hy het dadelik gegaan en op die aangesproke manier aan Dawid meegedeel dat hy liever moet vlug. Voordat hulle uitmekaar gegaan het, het hulle die verbond met mekaar vernu.

### **3.5 Dawid op die vlug**

Dawid het na Nob gevlug waar die hoëpriester Agimelek was.

- Onder die voorwendsel het hy 'n geheime opdrag van Saul moes vervul, het hy Agimelek oorreed om vir hom brood en 'n swaard te gee. Agimelek het toe vir hom van die offerbrood en die swaard van Goliat gegee.

Van Nob af is Dawid na Agis, koning van Gat. Hy het uit moedeloosheid sy toevlug geneem tot die Filistyne, sy vyande.

- Hy het gemeen dat hy nie herken sal word nie, maar daarin het hy hom vergis. Hy is spoedig herken as die oorwinnaar oor Goliat.
- Om enige moontlike gevaar te voorkom, het Dawid hom soos 'n kranksinnige gedra. Koning Agis het ook gemeen dat hy kranksinnig is en wou niks met hom te doen hê nie.
- Hierdie optrede van Dawid moet as 'n noodoptrede beskou word, en dit het hom die geleentheid gebied om ook van die Filistyne te ontkom sodat hy verder kon vlug.

### **3.6 Dawid in die Adullamgrot**

Van hier af het Dawid na die Adullamgrot gegaan. Sy broers, wat ook deur Saul bedreig is, het gehoor dat Dawid daar was en het na hom toe gegaan.

- Ongeveer 400 man het hulle hier rondom Dawid geskaar. Hulle was hoofsaaklik mense wat in die moeilikheid was omdat hulle vervolgd is deur hul skuldeisers. Onder hulle was daar seker ook mense wat nie tevrede was met Saul se regering nie.
- Dawid het hulle almal onder sy beskerming geneem, en hulle getal het naderhand aangegroei tot 600.
- Omdat Dawid se ouers nie by hom veilig was nie, het hy vir hulle by die koning van Moab

beskerming gaan vra, en hulle het daar gebly solank as wat Dawid in die bergskuiling was. Die goedgesindheid van die koning van Moab spruit waarskynlik uit die feit dat Dawid se ouma Rut van Moab afkomstig was.

- Dawid self het op aanwysing van die profeet Gad na Juda teruggekeer en na die Geretbos gegaan.

#### **4. Dawid word nog verder vervolg**

##### **4.1 Saul maak die priesters dood**

Saul het bang geword toe hy verneem waar Dawid was en dat daar 'n groot aantal manne by hom was.

- Doëg, die Edomiet, het aan Saul vertel dat hy Dawid by Agimelek gesien het, en dat Agimelek aan hom van die offerbrode en die swaard van Goliat gegee het. Hy het Saul onder die indruk gebring dat Agimelek die kant van Dawid gekies het.
- Doëg was iemand wat nie sterk karaktereienskappe gehad het nie (lees Ps. 52).
- Toe Saul die berig van Doëg hoor, het hy Agimelek en al die priesters na hom toe laat kom en hy het hulle van verraad beskuldig. Dit het Agimelek niks gehelp dat hy hom verdedig het en onskuldig gepleit het nie.
- Saul het beveel dat hy en die ander priesters, 85 in getal, doodgeslaan moet word. Toe niemand dit wou doen nie, het Doëg na vore gekom en hulle doodgemaak. Ook die vrouens en kinders van die priesters is doodgemaak. Slegs Abjatar, een van Agimelek se seuns, het ontkom en na Dawid gevlug.
- In hierdie optrede kan gesien word hoe diep Saul in sonde geval het, maar ook hoe die oordeel wat oor die huis van Eli geprofeteer is, in vervulling gegaan het.

##### **4.2 Saul agtervolg Dawid in Keïla en in die Sifwoestyn**

Toe die Filistyne Keïla beleër, het Dawid die Here gevra of hy teen hulle moet gaan veg. Die Here het toestemming gegee en die Filistyne is verslaan. So is die inwoners van Keïla gered.

- Terwyl Dawid hom nou in 'n stad bevind het, het Saul gemeen dat dit 'n goeie geleentheid is om hom gevange te neem. Dawid het dit egter te wete gekom, en deur middel van die urim en tummim aan die Here gevra of die inwoners van Keïla hom aan Saul sou uitlewer.
- Toe die troueloosheid van hierdie manne aan Dawid geopenbaar is, het hy die stad dadelik verlaat en na die Sifwoestyn gegaan. Saul het hom ook daarheen agtervolg en Dawid het byna in Saul se hande geval. Hy was alreeds heeltemal deur Saul se manne omsingel toe 'n boodskapper aan Saul berig gebring het dat die Filistyne sy land binnegeval het, en Saul was genoodsaak om dadelik terug te trek.
- So het die Here Dawid op wonderbaarlike wyse gered.

##### **4.3 Saul jaag Dawid agterna in die En-Gediwoestyn**

Saul het in al hierdie gebeurtenisse nog nie die hand van die Here raakgesien nie. Hy het Dawid ook nou in die En-Gediwoestyn agtervolg. En-Gedi was een van die stede in die woestyn van Juda en is geleë aan die westelike oewer van die Dooie See.

- Terwyl Saul in een van die grotte daar ingegaan het, het Dawid in die donkerte binne-in die grot so naby aan hom gekom dat hy die punt van Saul se mantel afgesny het.
- Dawid se manne wou hê dat hy Saul moes doodmaak, maar Dawid het geweier om sy hand teen die gesalfde van die Here op te lig. Toe Saul uit die grot uitgaan, het Dawid hom agternageroep en gevra waarom hy hom so agtervolg.
- Hy het hom die punt van sy mantel gewys en hom verseker dat hy geen slegte bedoelings teen hom koester nie. Dit het so 'n indruk op Saul gemaak dat hy hard begin huil het en erken het dat Dawid regverdiger is as hy.
- Hy het openlik met Dawid gepraat oor Dawid se toekomstige koningskap, en Dawid 'n eed laat aflê dat hy nie Saul se nageslag sal uitroei nie. Dawid het dit met 'n eed bevestig, en Saul het huis

toe gegaan.

#### 4.4 Dawid en Nabal

Hierna het Dawid in die Paranwoestyn gekom, waar hy in aanraking gekom het met 'n sekere Nabal. "Nabal" beteken "dwaas".

- Terwyl Nabal besig was om sy skape te skeer, het Dawid jong manne na hom toe gestuur om kos te gaan vra. Nabal het egter allerlei veragtelike dinge oor Dawid gesê en geweier om aan die versoek te voldoen. Hy het Dawid ook vir 'n oproermaker uitgeskel. Dawid het baie kwaad geword hieroor en besluit om hom op Nabal te wreek.
- Nabal se vrou, Abigajil, het egter hiervan te hore gekom. Sy het dadelik 'n oorfloed van kos voorberei en Dawid daarmee tegemoet gegaan. Sy het Dawid oorreed om van sy verkeerde voorneme af te sien. Dawid het haar geskenk toe aangeneem, en sy het huis toe gegaan.
- Die volgende dag het sy alles aan Nabal vertel en hy het so groot geskrik dat hy dodelik siek geword het en na tien dae dood is.
- Dawid het daarop vir Abigajil laat haal en haar as vrou geneem. Dawid was toe reeds getroud met Aginoam; Saul het egter Dawid se eerste vrou, Mikal, aan iemand anders as vrou gegee.

#### 4.5 Op die Gakilarant

Hierna het Dawid gaan wegkruip op die Gakilarant. Die Siffiete, wat ou vyande van Dawid was, het Saul toe weer hiervan laat weet.

- Daarop het Saul met 3 000 man uitgetrek om Dawid gevange te neem.
- Hier het Dawid weer in 'n goeie posisie gekom om Saul dood te maak.
  - Hy het saam met Abisai in die nag in Saul se laer ingegaan en gesien dat Saul op die wa gelê en slaap het met sy manskappe rondom hom.
  - Abisai kon maklik Saul se eie spies geneem het om hom dood te steek, maar Dawid het dit nie toegelaat nie.
  - Hulle het net Saul se spies en sy waterfles gevat en weer weggegaan.
  - Toe hulle ver weg was, het Dawid vir Abner, Saul se leërowerste, tot verantwoording geroep omdat hy nie by Saul waggestaan het nie.
- Saul het weer sy sonde teenoor Dawid bely en beloof om hom geen kwaad meer aan te doen nie.

#### 4.6 Dawid by die Filistyne

Hierna het Dawid moedeloos geword. In 'n vlaag van ongeloof, en omdat hy bang was dat hy deur Saul doodgemaak sou word, het hy na die land van die Filistyne gegaan.

- Hierdie optrede van Dawid het baie hartseer oor hom gebring.
  - Hy het 'n dubbelslagtige houding aangeneem en gemaak asof hy 'n vyand van sy volk geword het.
- Koning Akis van Gat het hom vertrou en hom die stad Siklag gegee om in te woon.
  - Wanneer Dawid teen die Amalekiete gaan veg het, het hy Akis onder die indruk gebring dat hy teen sy eie volk optrek, sodat Akis gemeen het dat Dawid 'n getroue onderdaan van hom is.
- Toe daar weer oorlog tussen die Filistyne en die Israëliete uitbreek het, wou Akis van Dawid se hulp gebruik maak.
  - Dawid het ook werklik saam met die Filistyne in die oorlog uitgetrek, maar die Filistynse vorste het hom nie vertrou nie en hom gedwing om terug te keer.

#### 4.7 Dawid by Siklag

Toe Dawid terugkom by Siklag, vind hy dat die Amalekiete die stad aan die brand gesteek het en sy vroue en kinders as buit weggeneem het.



- Dawid was hewig ontsteld hieroor, en sy manne het hom ook nog kwalik geneem en wou hom stenig.
- In hierdie uur van sy nood het Dawid egter weer sy krag gevind in die geloof in die Here sy God.
  - Deur middel van die urim en tummim het Dawid die Here gevra of hy die Amalekiete moes agternajaag.
  - Die Here het hom toestemming gegee en aan hom oorwinning beloof. Deur middel van 'n Egiptiese slaaf wat hulle langs die pad aangetref het, het Dawid te wete gekom waar die Amalekiete was.
  - Terwyl die Amalekiete besig was om fees te vier oor die groot buit wat hulle geneem het, het Dawid en sy manne hulle aangeval en hulle verslaan.
  - Dawid se vrou en kinders is lewendig teruggevind, en hy en sy manne het met 'n groot buit teruggekeer huis toe.

## **5. Saul se einde**

### **5.1 Die Filistyne trek in oorlog op teen Israel**

Die Filistyne het weer in 'n groot getal teen die Israeliete opgetrek en laer opgeslaan in Sunem. Saul het sy leër saamgetrek op die Gilboa-berg, skaars twee uur te voet van Sunem af.

- Toe Saul die leër van die Filistyne sien, het hy baie bang geword, seker ook omdat hy gevoel het dat hy van God verlaat was.
- In sy angs het hy wel probeer om na die wil van die Here te vra, maar ons lees niks van verootmoediging en berou by Saul nie.
  - Hy het God ook nie om vergewing gevra nie.
  - Hy wou maar net weet wat die afloop van die oorlog sou wees.
  - Die Here het hom egter nie geantwoord nie en op geen enkele wyse sy wil aan Saul bekend gemaak nie.

Ook dit het Saul nie tot inkeer gebring nie, maar hom net verder in die arms van die bygeloof gedryf.

- As God hom dan nie wou te kenne gee wat die afloop van die oorlog sal wees nie, sou hy hom tot die duiwel wend.
  - Hoewel Saul self die een was wat die waarsêers en dodebesweerders uit die land verban het, het hy nou vir sy amptenare gesê: “Soek vir my 'n dodebesweerster sodat ek haar kan gaan raadpleeg.”
  - Sy amptenare het hom verwys na die dodebesweerster van Endor. Saul het toe met twee van sy manne na die vrou toe gegaan, maar hy het hom vermom en in die nag gegaan sodat niemand hom as koning sou herken nie.

### **5.2 Saul by die dodebesweerster van Endor**

Die vrou het eers gedink dat hulle vir haar 'n strik wou stel, maar hulle het haar verseker dat daar niks met haar sou gebeur nie. Saul het haar gevra dat Samuel aan hom moet verskyn.

- Toe die vrou Samuel sien, het sy geskrik en agtergekom dat dit Saul self was wat daar by haar was. Saul het haar weer gerusgestel.
- In die gesig van Samuel wat die vrou opgeroep het, is dit aan Saul bekend gemaak dat Dawid in sy plek sou koning word, dat Saul en sy seuns die volgende dag in die geveg sou sterf en dat die Filistyne die oorwinning sou behaal.

Die vraag kan natuurlik gevra word of Samuel werklik aan Saul, of minstens aan die vrou verskyn het. Oppervlakkig gelees lyk dit uit die Bybelteks wel so. Uit 'n noukeuriger analise van die hele vertelling blyk dit egter dat alles hier vertel word soos Saul dit vir hom voorgestel het.

- **Dit staan vas dat waarsêery 'n duiwelse werk is wat deur God verbied word. Ons lees ook nêrens in die Skrif dat die afgestorwenes by enige duiwelse werk betrokke sou wees nie.**
- Dit blyk dus dat God hierdie sondige praktyk van die dodebesweerster en die sondige begeerte van Saul gebruik het om sy wil bekend te maak.

Saul het verslae en afgemat op die grond neergesak. Hy wou eers ook niks eet om hom te versterk nie, maar naderhand het hy tog iets geëet. Daarna het hy uit Endor vertrek.

### 5.3 Saul se dood

Die treurige uiteinde van die man wat so ryk deur God geseën was, word verder in hierdie geskiedenis vertel.

- Nadat Saul van God afgewyk het, het hy nou hierdie laaste veldslag van hom sonder God tegemoet gegaan. Die Filistyne het die Israeliete in die stryd verslaan op die Gilboaberg. 'n Groot aantal Israeliete het gesneuwel.
- Dit lyk of die Filistyne hulle veral daarop toegelê het om Saul en sy seuns dood te maak. Jonatan, Abinadab en Malkisua, almal seuns van Saul, het gesneuwel.
- Die vyandelike boogskutters het al nader aan Saul gekom.
  - Toe hy sien dat daar geen kans was om te ontvlug nie, het hy verkies om deur sy wapendraer doodgesteek te word eerder as om in die hande van die Filistyne te val.
  - Toe sy wapendraer egter weier om 'n koningsmoordenaar te wees, het Saul self in sy eie swaard geval en so gesterf.

Die volgende dag het die Filistyne Saul se liggaam op die slagveld gekry en sy kop afgekap. **Hulle het sy wapens in die land rondgestuur as oorwinningsteken en sy lyk teen die muur van Bet San opgehang.** Bet San lê teen die helling waar die vlakte van Jisreël daal na die Jordaandal, ongeveer 20 kilometer suid van die meer van Galilea en sewe kilometer wes van die Jordaan. Dit was geleë in die gebied van Issaskar, maar is as versterkte stad van die Kanaäniete nooit deur die Israeliete ingeneem nie.

Toe die inwoners van Jabes hoor dat die lyke van Saul en sy seuns daar is, het hulle teruggedink aan die keer toe Saul hulle verlos het nadat Nahas gedreig het om elkeen van hulle se regteroog uit te steek.

- Hulle het toe in die nag die lyke van Saul en sy seuns gaan haal, dit verbrand en die bene begrawe.

### 5.4 Betekenis van Saul

Saul is een van die mees tragiese figure in die Bybel.

- Hy het sy koningskap begin as 'n beskeie, dapper man. Hy het met wysheid en takt begin om Israel se vyande te bestry.
- Die sonde in sy lewe was egter dat hy half gehoorsaam was, wat maar dieselfde is as ongehoorsaamheid. Hy het hom nie aan die wil van God onderwerp nie, maar sy eie wil gevolg.
- Daarom het die Gees van die Here van hom gewyk en is hy by tye besiel deur 'n bose gees wat hom hoe langer hoe meer in sy mag gekry het, sodat hy uiteindelik verval het in moedeloosheid en wanhoop, en ten slotte selfmoord gepleeg het.

**Saul staan egter in die geskiedenis as oorgangsfiguur tussen die leiers en die koningskap in Israel. Die belangrike rol wat hy hierin tog gespeel het, was om die volk se gedagtes te verander om die posisie, die gevare en ook die voordele van die koningskap te ondervind en te waardeer.**